# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 10 SEPTEMBER 2023

## VYFTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

### *Bediening aan Jode*

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 14:1-12; Psalm 114;**
**Eksodus 14:19-31; Matteus 18:21-35**

| SONDAG, 10 SEPTEMBER | |
|---|---|
| | TOERUSTINGSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Hannes Burger<br>Deuroffer ten bate van: Bediening aan Jode<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| • | **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |
| • | **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 11 SEPTEMBER** | |
| 18:00 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 12 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 18:00 | Manne Bybelstudie in Moederskamer |
| **WOENSDAG, 13 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 14 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Dienssentrum vir Seniors |
| Sopbeurte: | Paula Bester, Elmaré Burger, Elba Fourie, Christa Smit,<br>Louis/Esther van Eeden,Erica vd Westhuizen, Marina Summers |

| VRYDAG, 15 SEPTEMBER |
|---|
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |
| **SATERDAG, 16 SEPTEMBER** |
| |
| **SONDAG, 17 SEPTEMBER** |
| SESTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Magdalenahuis<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Fatima Allie-Reid (Sangirostraat) se ma is oorlede.
2. Mike van Wyk (Zevenwacht Country Estate) het die afgelope week ‘n knie operasie ondergaan.
3. Jackie Barnard (Poekoe Slot) se ma, Dottie van Deventer, se troosdiens is Saterdagoggend gehou.
4. Alta le Roux (Othello) se broer is oorlede.
5. Dit gaan nie goed met tannie Sheila Lambrechts (Andanté se siekeboeg) nie.
6. Sarel Esterhuysen (Avalon) is vir toetse in die hospitaal opgeneem.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris Barnardo is met verlof. Kontak ds Hannes indien jy ‘n leraar benodig.
2. Lizette Wilson neem vanoggend waar as orrelis. Ons koor tree by Kuilsrivier Moedergemeente op.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



10/09 Nadia de Kock, Paul Mulder, Lize-Mari Müller, Wena Fourie, Eduard Wessels
11/09 Hentie Dippenaar, Kallie Pauw, Riana Niehaus, Jaco Marais, Paula Bester, Wim Truter
12/09 Lize Bartin, Marina Rogotta, Marco Olivier, Hester Badenhorst, Stephaan Burger
13/09 Hester Hill, Lize Smit, Cedric Pretorius, Andries van Zyl
14/09 **Ds. Chris Barnardo**, Japie du Plooy(80), Leonore Everts, Jandré Gobregts, Willem Steenkamp(87), Brent Basson
15/09 Danny Williams(81), Japie Maré(92), Debbie Esterhuyse, Chris Brink, Lea Viljoen
16/09 Christene Moggee, Renisha Gourrah, Marthinus Gresse, Hanro Papenfus

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Bediening aan die Jode**

Bid asseblief vir me Jeanie de Wet wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is. Hulle is Christen-Jode. Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias reeds gekom het en weer kom. Bid ook vir hulle uitreik na Joodse Christene wat nie lidmate van Beit Ariel is nie en na Jode wat nie glo dat Jesus die Messias is nie.

Me Jeanie de Wet | 072 408 6458| simchaministry@gmail.com

# SENIOR BURGER TEE

Die datum van die Senior Burger Tee word op die jaarprogram aangedui as Dinsdag 19 September. Dit gaan egter vanjaar skuif na Saterdag 21 Oktober 2023.

Hou hierdie spasie dop vir meer inligting binnekort.



# WYNVEILING

De Eike se Wynveiling vind plaas op 18 Oktober 2023 te Kaapzicht Landgoed.
Ons benodig Tafelhoofde vir die veiling.
Ons moet ten minste 20 tafels vol gaste hê om 'n sukses van die aand te maak.
Kontak Mattheus Kuhn 0842260447 of die kerkkantoor indien jy beskikbaar is om as gasheer/-vrou op te tree.

Dirk Brits
Sameroeper

# SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.

Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed.
Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R45 10sakke @ R23

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.



# KLERE EN VERE

Hierdie week pak ons Klere en Vere wat Merweville toe gaan. Ons ondersteun graag ons kerkfamilie in die Karoo!

Dankie vir elke bydrae wat jy aan hierdie projek maak - dit beteken iets vir iemand iewers!

Groetnis
2 Vere

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Dankie vir die verrassings wat elke week by Die Kosmandjie opdaag!



**Spenslys**

| | |
|---|---|
| Melk / melkpoeier | Kookolie |
| Koffie | Bruismeel |
| Suiker | Soja maalvleis |
| Spaghetti | Tuna/sardientjies |

Jy maak 'n groot verskil vir iemand wat dit werklik nodig het.

Groetnis

# MATRIEKFEES

'n Week van son en see, kuier, ontspan, vriende maak en sommer net *chill* naby die natuur en naby God.

Noordhoek Beach Matriekfees
6 tot 13 Desember 2023
R2000 p/p (R1800 vir inskrywing voor 1 Oktober 2023)

Kontak vir Faani
083 856 1951
Re#imagne Matriekfees Noordhoek

# FEBA RADIO

Die gemeente word volgende Sondagoggend (17Sept) besoek deur ds Geo de Kock, wat die diens namens Feba Radio gaan waarneem.

Feba is een van die organisasies wat ons deur ons Geloofbelofte-offers ondersteun.

# NUWERUS UITREIK - DANKIE

Goeie môre!

Ek wil net graag namens die Nuwerus uitreikspan ‘n groot dankie sê aan elkeen wat ‘n bydrae gemaak het tov ‘n onvergeetlike en suksesvolle uitreik naweek. Ons het soveel skenkings ontvang tov die kinderpakkies (lekkers, sokkies en ‘n mussie), die bejaardes se vrugte pakkies asook ‘n lekker warm serp, persoonlike items vir die tiener meisies asook die bokse klere en komberse vir die gemeenskap. Nuwerus se gemeenskap sê uit hul harte uit baie dankie!

‘n Groot dankie ook aan elkeen vir die spanlede wat, meestal uit hul gemaksone moes klim, hul als gegee het om van die uitreik ‘n sukses te maak. Sonder jul elkeen sou dit nie moontlik gewees het nie. Petrus, dankie vir al die mooi foto’s en videos. Die grootse dank gaan aan ons Hemelse Vader, wat harte oopgemaak en deur mense gewerk het. Die uitreik was baie geseënd.

Seënwense,
Sanet

# NUUS VANUIT DIE FONDE KOMMISSIE

Liewe vriende,
Ek gee graag terugvoer rakende Augustus se syfers (met Julie se syfers, asook die gemiddeld vir die afgelope 6 maande, vir vergelykingsdoeleindes):

| | **Julie 2023** | **Augustus 2023** | **Gemiddeld** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 171 818 | 177 177 | 188 988 |
| Totale inkomste | 243 329 | 277 741 | 332 004 |
| Totale uitgawes | 314 469 | 322 045 | 334 752 |
| **Surplus / (Tekort)** | **(71 140)** | **(44 304)** | |

Augustus se totale inkomste het ‘n klein hupstoot gekry danksy die Vrouedankoffers wat ontvang is. (R16520). Verder is daar regtig niks buitengewoon aan Julie en Augustus se syfers om oor verslag te doen nie. Alhoewel ons ‘n maandelikse netto tekort wys, word ons uitgawes deurgaans baie versigtig bestuur en is ons tans in ‘n beter finansiële posisie as waarvoor ons begroot het. Daarvoor is ons eindeloos dankbaar.
Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

# UIT DIE BEEK 2024 BESTELLINGS

Die gewilde UIT DIE BEEK kan nou vir 2024 bestel word. Die normale prys gaan R245 wees, maar as jy voor Vrydag 22 September 2023 jou bestelling by die kerkkantoor plaas, betaal jy slegs R200.
Kontak die kerkkantoor so spoedig moontlik.

# PREEKSKETS

## TEMA – Kyk, Ek maak alles nuut...



Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Openbaring 21:1-8

Van kleins af hoor ons: “Daar is niks nuuts onder die son nie...”
- Eers baie later het ek agtergekom dit staan in die Bybel (Pred. 1:22)!
- Die 21e eeu het ons selfs nog meer sinies gemaak.
- Ons verwag inderdaad niks nuuts meer nie – nie eens van die Here nie!

1. **En dan verras Jesaja die ballinge**
   - In Jes 43:19 belowe die Here dat Hy “iets nuuts” gaan doen.
   - Jeremia herhaal hierdie profesie (Jer. 31:22).
   - God se mense leer ken Hom as die Een wat iets nuuts tot stand bring.
   - Dit sou ‘n nuwe begin moontlik maak na die verwoesting van Jerusalem.

2. **Maar dit moes ook die volk voorberei op ‘n nuwe begin**
   - Die engelelied by Betlehem lei ‘n totaal nuwe fase in.
   - God begin van voor af met sy volk
   - Hy gee self die Offerlam wat ‘n nuwe verhouding moontlik maak.
   - Pinksterdag is die nuwe volk van God se geboorte!
   - Die ondenkbare het waar geword...

3. **Maar dit stop nie daar nie!**
   - In Openb 21 kom stel Jesus Homself voor as die Een wat alles nuut maak.
   - Dan wys Hy vir Johannes die nuwe hemel en die nuwe aarde wat vir ons wag.
   - Maar watter implikasies het dit vir ons dat ons Een volg wat *alles* nuut maak?
   - God se kind se lewe staan in die teken van vernuwing...